# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 14 Augustus 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

Hebreërsreeks 17 - Afsluiting

Ons kom vandag by die laaste Woordbediening in hierdie reeks. Die skrywer maak ten slotte 'n laaste belangrike, groot genade-aankondiging oor Christus in vers 8: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid!"
Die Hebreërpreek het immers oor Christus gegaan, die groot Hoëpriester en nou sluit die prediker af met 'n laaste verwysing na God se genade aan ons in en deur ons Here Jesus Christus!

In die lig van hierdie samevattende genade-uitspraak maak die skrywer vir oulaas 'n oproep dat sy lesers moet volhard in die geloof deur 'n sewetal dankoffers aan Christus te bring! Ja, Christus het Homself vir ons geoffer en nou offer ons ons lewe op vir Hom!

Is jy besig om jou sewe dankoffers vir die Here te bring?

**Tema: Christus het 'n volmaakte (7 x 7) offer vir jou gebring. Bring jy dan nou jou sewe dankoffers vir Hom!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Lied 428: 1, 2, 4 en Lied 215: 1, 2, 4, 5;

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 168: 1, 2, 3; Votum; Seën; Loflied Sb 5 - 3: 1, 2; Geloofsbelydenis: HK Sondag 11 vr 29 en 30; Sing Sb 12 - 5: 1

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Efesiërs 5: 1 - 20; Sing Sb 5 - 5: 1, 2; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Hebreërs 13: 7 - 25;
Fokusverse: 8 - 18.
Sing Ps 107 - 1: 10 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Sing as antwoord op die preek Ps 40 - 1: 4; Bevestiging van ouderling; Sing: Ps 134 - 1: 4; Gebed; Liefdegawes; Sing Sb 14 - 4: 1, 2, 3, 4; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

## AANDDIENS: Ds. Piet Venter

Baie gelowiges tref steeds in hulle denke onderskeid tussen hulle geloofslewe en hulle daaglikse lewe. Hulle sien hulle diens aan God as beperk tot dit wat hulle in geloofslewe en kerklike lewe doen. Dit staan los van hulle daaglikse lewe in die huis en by die werk.

Dit wat in die werksplek gebeur word nie beleef as "ook hier staan ek steeds in diens van God" nie. By die werk waar ek my dagtaak verrig en met mense besig is, het niks te doen met my opdrag om die Here te dien nie - dit doen ek vanaand as ek Bybel lees en Sondag as ek "kerk" toe gaan.

Hierdie verkeerde denke rig groot skade aan en verhinder die groei van God se koninkryk. Dit speel in die hande van Satan wat God se werk wil verwoes.

Hierdie skeidende denkrigting het dalk te doen met gelowiges se verkeerde verstaan van die wyse waarop die Here mense in die Ou Testament tot "spesiale dienswerk" geroep het soos bv vir Aäron en die priesters.

Kom ons gaan kyk dan presies hoe dit gewerk het en wat dit vir ons beteken. Kom ons gaan kyk wat dit beteken wanneer Moses vir Aäron en sy seuns offerbloed aan hulle regteroorlel, regterduim en regtergroottoon smeer.
Wat beteken dit vir my en jou diens aan die Here vandag?

**Tema: God stel jou volle menswees in sy diens - oral en altyd!**

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 135 - 1: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Ps 84 - 1: 1, 3, 4; Gebed;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Levitikus 8;
Teksverse: Levitikus 8: 23
Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe; Sing Ps 100 - 1: 1, 2, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

## MEELEWING

- Tienie Bezuidenhout het Dinsdagnag in die Here ontslaap in die ouderdom van 68 jaar. Hy het siek geword en is in die Potch Hospitaal opgeneem vanwaar hy na die Here verhuis het. Ons dink in besonder aan Roelf en Rita Kleynhans wat vir baie jare (as mede-lidmate) sy versorging op hulle geneem het en bid dat hulle die Here se troos ondervind.
  Die troosdiens word Woensdag om 11:00 hier by die kerkgebou gehou.
- Martie Schoeman se broer, Johan Schutte, is verlede Sondag oorlede en Donderdag begrawe. Hy was die swaer van Boet Schoeman, asook Pieter en Estette Bredenkamp en wel bekend as vorige hoof van personeel by die Universiteit.
- Lappies Labuschagne ervaar probleme met sy hartpasaangeër en moet Woensdag 'n angriogram ondergaan.
- Marie Oosthuizen ondergaan Donderdag haar eerste chemoterapie. Sy moet ses behandelings ontvang (elke drie weke).
- Douw Grobler ondergaan Vrydag 'n tweede operasie om sy pasaangeër se inplanting te finaliseer.
- Corrie du Plessis is in Wilmed Hospitaal opgeneem vir pynbehandeling en het Donderdag sy tweede chemoterapie ontvang.
- Marika Smook is in Potch Hospitaal opgeneem vir behandeling en is Woensdag weer ontslaan.

- Harmen Wijnberg is Donderdag in Anncron Hospitaal opgeneem met vog rondom sy hart.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## BAIE GELUK AAN ...

- Esti van der Westhuizen wat ‘n kleinkind ryker geword het en so ook Dirkie en Johanna Venter ‘n agterkleinkind.
- Carmien Coetzee en Lehani Vorster wat deel was van Gimmies se 0/14 Netbalspan wat derde plek by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe behaal het.
- Luanke van As en Hanrè Delport wat tot Volkskool se leerlingraad 2022-2023 verkies is.

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage en Bettie Niemand.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Kleuterbediening
Katkisasie, Les 15
17:00 Aanddiens

**Maandag**
16:30 Diakonie Barmhartigheid DG
17:00 Diakonie: DB
19:00 Huisgeloof: Zoomvergadering

**Dinsdag**
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
09:30 “Griefshare” ds Piet
17:00 Eiendommediensgroep
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 10

**Donderdag**
17:15 “Griefshare”- Carina

**Volgende Sondag**
Diakonie: Algemene vergadering
Gesamentlike groepbyeenkoms met die oog op ons Fokustyd 2022

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir die Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en vir die Teologiese studentekas (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 14 en 15.

## VANAF DIE DIAKONIE: ONS GEMEENTE SE DIAKONALE SORG/UITREIK

Die Here wil dat ons as gemeente na behoeftiges omsien en ook help met nood in die omgewing. Ons doen dit deur die diens van ons Diakens en die geld/middele wat gemeentelede uit liefde gee sodat die versorging gedoen kan word. Die Here Jesus leer ons in Matteus 6: 1 - 5 dat ons nie met ons goeie dade moet spog nie, maar tog wil ons graag terugvoer gee sodat lidmate kan weet wat word met elke Sondag se liefdegawes gedoen.

**Hulp na binne:**
Ons sorg maandeliks vir die behoeftes van gemiddeld 14 gesinne teen ‘n bedrag van R 31 400.00 per maand. (Jaartotaal: R377 000.00).

Hierdie gesinne ontvang ook kospakkies ter waarde van R 4 800.00 per maand (nie per gesin, vir almal) met ‘n jaartotaal:
R 58 000.00.
Hulp word ook verleen aan die Amandelbloeisels vir hulle aktiwiteite.

**Hulp na buite:**
Pres Kruger Kinderhuise: R 6 000.00
Vloedhulp vir KZN: R 15 000.00
Hulp aan behoeftige teologiese studente:
R 24 000.00
Hulp aan Robin Hood hulpprojek (Potch)
R 3 100.00
Hulp aan behoeftige indiwidue in gemeenskap: R 6 100.00
Hulp aan Amelia Sorgsentrum: R 4 800.00
Hulp aan ‘n Geref Kerk vir versorging van predikant: R 10 000.00
Die totale uitgawes van die Diakonie vir die afgelope boekjaar beloop:
R 504 470.53.

Ons dank die Here dat Hy die middele voorsien sodat die Diakens namens ons hierdie hulp kan verleen. Ons bid ons Diakens ook baie wysheid toe met die uitdeel van die middele. Hulle moet soms baie moeilike besluite neem oor die hulp wat gegee word of nie gegee moet word nie.

Ons Susters verleen ook ruim hulp binne en buite die gemeente met die fondse wat hulle insamel en ons sal by ‘n volgende geleentheid daaroor verslag doen.
Ds Piet

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 14 Augustus**
Jsr Sunè Crause
Br Chris de Bruyn
Sr Emily Hefer *****
Sr Truida vd Walt

**Maandag, 15 Augustus**
Br Roelf Botha *****
Jbr Riaan de Kock

**Dinsdag, 16 Augustus**
Sr Barbara Coetzer
Sr Cornè Geyer

**Woensdag, 17 Augustus**
Sr Ina Hattingh *****

**Saterdag, 20 Augustus**
Sr Rina Seyffert

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## ONTHOU DIE DATUM: KAMP VIR OUERS EN KINDERS



Ouers lees Bybelverhale, leer hul kinders bid en doen saam katkisasie, maar veral met klein kindertjies is Bybelstudies en kleingroepbyeenkomste meer chaos as leersaam. Ons eie geloofsgroei gaan staan soms stil.

Ons wil hierdie geleentheid gebruik om mekaar te bemoedig, suksesse te deel en ons geloofsgroei weer aan te wakker.

Datum: 28-30 Oktober
Plek: Rietspruitdam Ontspanningsoord
Tema: My geloofsgroei as ouer

Meer inligting sal later deurgegee word.

Om solank julle staanplek/huisie te bespreek, kontak
Marlise Styger (0836558145)

**KINDERFEES 2022**
***3 tot 7 Oktober 06:30 – 13:30***



Hierdie is die vierde jaar wat die Kinderfees aangebied word by die Oosdoppers in Rocherstraat Bailliepark. Belangstellendes sal optree as groepleiers of selfs aanbieders waarvoor jy voorbereiding sal kry, indien nodig. Dit is vir laerskoolkinders (Gr R – Gr 6/7) wat Afrikaans verstaan vanoor die hele Potchefstroom.

Program word aangebied in die vorm van 5 stasies waar die kinders in groepe roteer. In die stasies word die volgende aangebied:

1. Bybelstorie en toepassing
2. Onthouversie wat pas by die Bybelstuk van die dag
3. Handwerkitem maak wat pas by die tema van die dag
4. Speletjies – sommer net vir aandagbreker
5. Omgeegroepie ("Share and Care")

In die grootgroepverband word daar ook Grootgroepspele, Lofsang en aanbidding, en Waardeopheldering gedoen waar al die kleiner groepies bymekaar is. Die kinders word in 5 of 10 groepe ingedeel afhangende van hoeveel kinders daar is. Maksimum 10 kinders per groep en hulle word volgens ouderdom (ontwikkelingsvlak) ingedeel.

Elke groep het 'n jeuggroepleier (Graad 11-katkisant) en 'n volwasse groepleier (student of ander) Ons bied bietjie opleiding/voorbereiding vooraf aan net om jou gereed te maak vir die week. Dit sal geskied op 4 aande van 18:00 – 19:30.

***Indien jy belangstel om as groepleier/aanbieder op te tree by hierdie lewensveranderende geleentheid, skakel/whatsapp/e-pos die kontakpersoon:***
**Engela van der Walt, 082 556 7806**
**engela.vdwalt1@gmail.com**

**KERKLIKE TYDSKRIFTE**

Die Kerkblad is in die voorportaal van die Skuur beskikbaar vir lidmate wat daarop ingeteken is.

**GKSA-NUUS**

Beroep aanvaar
Proponent Mduduzi Mahlangu na GK Idwala Lensindiso in Enkumane, Richmond, KwaZulu Natal

**KURSUS IN EVANGELISERINGS-PRAKTYK**

Aanbieder: Prof. Henk Stoker van die Teologiese Skool Potchefstroom
Plek: Kerksaal GK Potchefstroom
Tyd: 18:00 - 19:00

Datums:
**Dinsdag 16 Augustus – Leidende vrae**
Dinsdag 23 Augustus - Struikelblokke
Dinsdag 30 Augustus - Dissipelmaking
Dinsdag 6 September – Skepper – Gesprekke met ateïste
Dinsdag 13 September – Verlosser – Gesprekke met kultes
Dinsdag 20 September - Middelaar – Gesprekke met kultes
Dinsdag 27 September – Sondaar – Gesprekke met Charismate

**CREATION MINISTRIES INTERNATIONAL - SPREKER IN KERKGEBOU**

Pieter le Roux van CMI het gevra om ons kerkgebou te gebruik vir 'n aanbieding van hierdie bediening. Die geleentheid word aan die breë gemeenskap van Potchefstroom aangebied en lidmate word ook uitgenooi om na die aanbieding te kom luister.

Woensdag, 17 August 2022
Tyd: 18:00
Tema: Genesis: Fondasie van die Evangelie

Gaan kyk op sy webwerf "creation.com" vir sy geloofstandpunt en die doel van sy bediening: "Creation Ministries International exists to support the effective proclamation of the Gospel by providing credible answers that affirm the reliability of the Bible - in particular its Genesis history".

**KENNISGEWINGBORD**

VGK Promosa - basaar: 3 September 2022

**ALGEMENE INLIGTING**

**LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

**KONTAKBESONDERHEDE**

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

**BANKBESONDERHEDE**

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!**





# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Marlise Styger en groep 8, Christa van der Walt en groep 16, Jorette Schutte en groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.

## BLIKKIES-WARMHARTE EN SUSTERSBYDRAE



- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.




- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KWARTAALPROGRAM


| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| 30 Aug | Dinsdag | 18:30 | Blok A | Sustersamekoms |
| 11 Sept | Sondag | 19:00 | Blok D | Ouderlingverversings |
| 18 Sept | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |





# DIE *boeke* VAN DIE BYBEL

Voltooi dié blokkiesraaisel oor die boeke van die Bybel.



**DWARS**

4. DIÉ BOEK WORD GENOEM KLAAGLIEDERE VAN . . .
7. EEN VAN DIE VIER EVANGELIES
8. SESDE BOEK IN DIE NUWE TESTAMENT
9. EERSTE BOEK VAN DIE NUWE TESTAMENT

**AF**

1. BOEK WAT ONS SING
2. DIE OPENBARING AAN . . .
3. . . . VAN SALOMO
5. BOEK WAARIN DIE TIEN GEBOOIE STAAN
6. ENIGSTE BOEK WAT MET 'N A BEGIN
9. LAASTE BOEK IN DIE OU TESTAMENT